# LETTERKUNDE & TAAL



**GOUDVELD-HOËRSKOOL TAAL- EN KUNSTEFEES**

NWU®

ATKV

# KONTAKBESONDERHEDE:

## DANS

Mev. V. Reid
072 741 5603
GHTK23Dans@gmail.com

## DRAMA

C. Botes
083 561 6890
GHTK23Drama@gmail.com

## INSTRUMENTAAL

Mev. J. Turchino
082 800 9777
GHTK23Instrumentaal@gmail.com

## KUNS

Mev. L. Combrinck
072 251 8225
GHTK23Kuns@gmail.com

## LETTERKUNDE EN TAAL

Redenaars: Mev. M. Burger
082 559 2129
Skryfkuns: Mej. R. Briel
073 464 0600
GHTK23taalenletterkunde@gmail.com

## VOKAAL

Mnr. F. Janse van Rensburg
079 106 2722
GHTK23Vokaal@gmail.com

## ALGEMENE NAVRAE

Mev. C. Botes
083 561 6890

Die hoofdoel van die Taal- en Kunstefees is vir blootstelling en deelname aan die kunste. Elke deelnemer ding met hom-/ haarself mee. Elkeen is dus ’n wenner!

# ALGEMENE REËLS:

1. Daar is spesifieke kategorieë. Maak seker dat u in die regte kategorie ingeskryf is en dat u naam en van reg gespel is. Indien die spelling later verander word, **is daar ’n koste van R50 daaraan verbonde.**
2. Inskrywings moet op die laatste 15 Mei 2026, aanlyn gemaak word. Geen ekstra tyd word gegee nie. Program sluit om middernag.
3. Geen foutiewe inskrywings mag na die sluitingsdatum gewysig word nie.
4. Die ouderdom van die deelnemer word bepaal volgens sy/haar ouderdom op 1 Januarie 2026.
5. Geen deelnemer mag dieselfde werk in meer as een onder-afdeling aanbied nie. Deelnemers mag nie dieselfde werk vir virtuele- én lewendige beoordeling lewer nie.
6. Geen plaasvervangers vir gekanselleerde inskrywings sal aanvaar word nie.
7. **Inskrywings vir die betrokke afdeling sal onder geen omstandighede na ’n ander afdeling verskuif word nie. Maak dus seker voor inskrywings gedoen word.**
8. Duo-, trio- en groepafdelings moet volgens die gemiddelde ouderdom ingeskryf word.
9. Geen inskrywings sal sonder ’n bewys van betaling verwerk word nie. Alle betalings word elektronies gedoen. Die bewys van betaling moet as aanhangsel aangevoeg word.
10. Deelnemers het die keuse om lewendig óf virtueel beoordeel te word. Dui u keuse op die inskrywingsvorm aan.
11. Die program met die datum, tyd en plek **sal beskikbaar wees in die eerste week van Augustus.**
12. Die beoordelaar se beslissing is finaal.
13. Sekere afdelings word volgens skoolgrade bereken **BEHALWE instrumentaal.**
14. Geen persone wat belange het by die kunstefees mag tydens die duur daarvan enige kontak maak met die beoordelaar nie. Enige navrae kan aan die departementshoof gerig word.
15. Deelnemers moet ten minste 30 minute voor die aanvangstyd van die betrokke afdeling gereed wees vir lewendige beoordeling. Alle virtuele inskrywings (video’s en skryfkuns) moet teen 24 Junie 2026 na die e-posadresse wat op bladsy 2 verskyn, gestuur word.
16. Deelnemers wat nie op die gegewe tyd en plek opdaag nie, sal gediskwalifiseer word en verbeur ook die inskrywingsgelde.
17. Items wat virtueel beoordeel word moet **slegs in .mp4 formaat met Google Drive of WeTransfer gestuur word.** Die video moet as volg **benoem word:** die kategorienommer, deelnemer naam en van, byvoorbeeld. D1.1.1 Leoné van der Walt.
18. Met virtuele items moet die deelnemer die heeltyd in die skermskoot wees. Daar mag geen klank- of visuele effekte gebruik word nie. Die deelnemer moet sy/haar katogorienommer, naam en van noem; en dan met die item begin.
19. Alle Virtuele en Lewendige kunswerke moet teen 24 Julie 2026 by Goudveld – Hoërskool ingehandig word.
20. Indien sertifikate nie by Goudveld-Hoërskool of Salt and Pepper afgehaal kan word nie, sal u verantwoordelik wees vir die posgelde.

# INSKRYWINGSFOOIE

Inskrywings open 13 April 2026 en sluit 15 Mei 2026

| | |
|---|---|
| 1. Voorskool | R 70.00 |
| 2. Laerskool Junior (Graad 1-3) | R 70.00 |
| 3. Laerskool Senior (Graad 4-7) | R 70.00 |
| 4. Hoërskool Junior (Graad 8-9) | R 70.00 |
| 5. Hoërskool Senior (Graad 10-12) | R 70.00 |
| 6. Volwassenes | R 70.00 |
| 7. Samesprake/ Duet/ Trio | R 70.00 |
| 8. Ensembles / Kore / Orkeste | R 200.00 |

# TOEKENNINGS

| | | |
|---|---|---|
| 1. 60% - 69% | C- simbool | (Brons) |
| 2. 70% - 74% | B- simbool | (Silwer) |
| 3. 75% - 79% | B+- simbool | (Silwer) |
| 4. 80% - 84% | A- simbool | (Goud) |
| 5. 85% - 89% | A+- simbool | (Goud) |
| 6. 90% + | A++-simbool | (Goud) |

# KATEGORIEWENNERS

1. ’n Deelnemer moet ’n minimum van 90% (A++) behaal.
2. Die beoordelaar sal vanaf 90% werk om hierdie toekennings te vergemaklik.
3. Indien die standaard dit nie regverdig nie, sal die toekenning nie gemaak word nie.
4. Die beoordelaar se beslissing is finaal.
5. Indien daar enige navrae is, kan u gerus die afdelingshoof kontak.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| Inskrywings van Taal- en Kunstefees Open | 13 April 2026 |
| Inskrywings van Taal- en Kunstefees Sluit | 15 Mei 2026 |
| Inhandiging van Video’s, stelwerke en kunswerke | 20-24 Julie 2026 |
| Virtuele Beoordeling | 10-14 Augustus 2026 |
| Lewendige Beoordeling | 17-20 Augustus 2026 |

# LETTERKUNDE EN TAAL KATEGORIEË

Inskrywings kan in die volgende kategorieë gemaak word:

LR Redenaars
LG Selfgeskrewe Poësie
LO Selfgeskrewe Opstelle
LK Selfgeskrewe Transaksionele Tekste

# KATEGORIE LR - REDENAARS

1. ’n Onderwerp wat ’n standpunt bevat moet geformuleer word. Die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word.
2. Graad 1 tot 3: Toesprake is 2 tot 4 minute.
3. Graad 4 en 5: Toesprake is 3 tot 5 minute.
4. Graad 6 en 7: Toesprake is 4 tot 6 minute.
5. Graad 8-12: Toesprake is 5 tot 7 minute..

# TEMAS:

| | |
|---|---|
| Graad 1 –3 | Huis/Pleister/Geraas |
| Graad 4 – 5 | Koers/Kriewel/Sout |
| Graad 6 – 7 | Kies/Pronk/Rebelleer |
| Graad 8 – 9 | Mentor/Onkruid/Tendens |
| Graad 10 – 12 | Risiko/Polemiek/Naskrif |

OF

Onderwerp van jou keuse. Die toespraak moet egter ‘n beredenerende onderwerp, argumente en gesaghebbende bronne bevat.

## LR1 REDENAARS (HUISTAAL)

LR1.1 Graad 1
LR1.2 Graad 2
LR1.3 Graad 3
LR1.4 Graad 4
LR1.5 Graad 5

## LR2 REDENAARS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)

LR2.1 Graad 1
LR2.2 Graad 2
LR2.3 Graad 3
LR2.4 Graad 4
LR2.5 Graad 5

LR1.6 Graad 6
LR1.7 Graad 7
LR1.8 Graad 8
LR1.9 Graad 9
LR1.10 Graad 10
LR1.11 Graad 11
LR1.12 Graad 12

LR2.6 Graad 6
LR2.7 Graad 7
LR2.8 Graad 8
LR2.9 Graad 9
LR2.10 Graad 10
LR2.11 Graad 11
LR2.12 Graad 12

# KATEGORIE LG- SELFGESKREWE POËSIE

1. Deelnemers moet 'n oorspronklike Afrikaanse gedig skryf.
2. Die gedig mag nie meer as 20 versreëls wees nie.
3. Alle gedigte moet tussen 22-24 Julie 2026 elektronies na GHTK23taalenletterkunde@gmail.com gestuur wees. Die dokument moet as volg benoem word: die kategorienommer, deelnemer naam en van, byvoorbeeld: LO1.9 Leoné, Van der Walt.

## LG1 KLEUR

LG1.1 Graad 1
LG1.2 Graad 2
LG1.3 Graad 3
LG1.4 Graad 4
LG1.5 Graad 5
LG1.6 Graad 6
LG1.7 Graad 7
LG1.8 Graad 8
LG1.9 Graad 9
LG1.10 Graad 10
LG1.11 Graad 11
LG1.12 Graad 12

## LG2 DIE LIEFDE

LG2.1 Graad 1
LG2.2 Graad 2
LG2.3 Graad 3
LG2.4 Graad 4
LG2.5 Graad 5
LG2.6 Graad 6
LG2.7 Graad 7
LG2.8 Graad 8
LG2.9 Graad 9
LG2.10 Graad 10
LG2.11 Graad 11
LG2.12 Graad 12

## LG3 KINDWEES

LG3.1 Graad 1
LG3.2 Graad 2
LG3.3 Graad 3
LG3.4 Graad 4
LG3.5 Graad 5
LG3.6 Graad 6
LG3.7 Graad 7
LG3.8 Graad 8
LG3.9 Graad 9
LG3.10 Graad 10
LG3.11 Graad 11
LG3.12 Graad 12

## LG4 AVONTUUR

LG4.1 Graad 1
LG4.2 Graad 2
LG4.3 Graad 3
LG4.4 Graad 4
LG4.5 Graad 5
LG4.6 Graad 6
LG4.7 Graad 7
LG4.8 Graad 8
LG4.9 Graad 9
LG4.10 Graad 10
LG4.11 Graad 11
LG4.12 Graad 12

## LG5 SKRIK

LG5.1 Graad 1
LG5.2 Graad 2
LG5.3 Graad 3
LG5.4 Graad 4
LG5.5 Graad 5
LG5.6 Graad 6
LG5.7 Graad 7
LG5.8 Graad 8
LG5.9 Graad 9
LG5.10 Graad 10
LG5.11 Graad 11
LG5.12 Graad 12

## LG6 MY MA / PA

LG6.1 Graad 1
LG6.2 Graad 2
LG6.3 Graad 3
LG6.4 Graad 4
LG6.5 Graad 5
LG6.6 Graad 6
LG6.7 Graad 7
LG6.8 Graad 8
LG6.9 Graad 9
LG6.10 Graad 10
LG6.11 Graad 11
LG6.12 Graad 12

## LG7 DINGE WAT EK HAAT

LG7.1 Graad 1
LG7.2 Graad 2
LG7.3 Graad 3
LG7.4 Graad 4
LG7.5 Graad 5
LG7.6 Graad 6
LG7.7 Graad 7
LG7.8 Graad 8
LG7.9 Graad 9
LG7.10 Graad 10
LG7.11 Graad 11
LG7.12 Graad 12

## LG8 OOP TEMA

LG8.1 Graad 1
LG8.2 Graad 2
LG8.3 Graad 3
LG8.4 Graad 4
LG8.5 Graad 5
LG8.6 Graad 6
LG8.7 Graad 7
LG8.8 Graad 8
LG8.9 Graad 9
LG8.10 Graad 10
LG8.11 Graad 11
LG8.12 Graad 12

# KATEGORIE LO - SELFGESKREWE OPSTELLE

1. Deelnemers moet ’n oorspronklike Afrikaanse opstel skryf.
2. Die opstel moet voldoen aan die vereiste lengte.
3. Alle opstelle moet tussen 20-24 Julie 2026 elektronies GHTK23taalenletterkunde@gmail.com gestuur wees. Die dokument moet as volg benoem word: die kategorienommer, deelnemer naam en van, byvoorbeeld: LO1.9 Leoné, Van der Walt.

## LO1 GRAAD 1

**1. Skryf vyf sinne oor die volgende prent:**



## LO2 GRAAD 2

**1. Skryf agt sinne oor die volgende prent:**



## LO3 GRAAD 3

**1. Skryf tien sinne oor die prent**



## LO4 GRAAD 4

**1. Skryf jou eie opstel oor 'n troeteldier of dier waarvan jy hou. Jou opstel moet drie paragrawe hê en tussen 80 -100 woorde lank wees. Voor jy begin skryf, maak 'n lys van alles waaraan jy kan dink.**

- Wat doen jou troeteldier (veral wat snaaks is)?
- Hoe lyk jou troeteldier?
    - Watter geluide maak jou troeteldier? Waaraan laat jou troeteldier se naam jou alles dink?

**2. Kyk na die volgende prent en skryf 'n opstel. Jou opstel moet drie paragrawe hê en tussen 80 -100 woorde lank wees.**



## LO5 GRAAD 5

**Skryf 'n opstel van tussen 100-140 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

1. Eendag, gedurende pouse, kom jy en jou maat op 'n versteekte houtkissie onder blare af. Die kissie het 'n slot en is baie oud. Skryf 'n storie oor wat volgende gebeur.


2.



## LO6 GRAAD 6

**Skryf 'n opstel van tussen 140 tot 150 woorde oor een van die volgende onderwerpe:**

1. Verhalende opstel- 'n Onvergeetlike dag
   Ag hemele behoed en bewaar my, aarde sluk my in...! Hier staan ek bloedrooi van skaamte. Dit was een van die mees onvergeetlike dae in my lewe!
2. Beskrywende opstel- Lotto. "Ek sou kon doen met 'n MILJOEN. Ek sou myself met ses nulle kon versoen."
   Beskryf wat jy alles sou doen as jy die Lotto gewen het.
3.



## LO7 GRAAD 7

**Skryf 'n opstel van tussen 150 tot 200 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

1. 'n Dag wat ek nooit sal vergeet nie.
2. Agter die groen deur...
3. 'n Vriend wat naby is, is meer werd as familie wat ver is. Skryf 'n opstel oor jou beste vriend.
4.



## LO8 GRAAD 8

**Skryf 'n opstel van tussen 200 tot 250 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

1. Die dag toe alles skeefgeloop het.
2. Ek het besef iets is nie reg nie…
3. 'n Reis na die verlede
4. 'n Oomblik van ware geluk
5. Die beste besluit van my lewe

6.



7.



8.



## LO9 GRAAD 9

**Skryf 'n opstel van tussen 250 tot 300 woorde oor een van die volgende onderwerpe:**

1. 'n Dag wat ek nooit sal vergeet nie…
2. Die geheim wat by my spook.
3. My gunsteling plek waar ek tot rus kom.
4. 'n Onverwagse ontmoeting.
5. Wat beteken sukses regtig vir my?

6.



7.



8.



## LO10 GRAAD 10

**Skryf 'n opstel van tussen 300-350 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

1. Ek het nie geluister nie en toe…
2. Slaggate op my pad.
3. "En die mure breek, die verf dop af in die skaduwee. Die trappe kraak en die teëls is los. Liefde oorheers in hierdie huisie van ons." – Laurika Rauch**.**
4. Sukses is nie net groot huise en duur motors nie.
5. Smaakmakers is die nuwe rolmodelle.

**Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (6. OF 7. OF 8.) en jou eie titel neer.**

6.



7.



8.



## LO11 GRAAD 11

**Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf 'n opstel van 350 tot 400 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.**

1. Vir 'n bakkie sonder brandstof was ek nog nooit so dankbaar nie.
2. Ons sonskynland.
3. "Neem my saam in die holte van jou hart. Bêre my naam in jou hemp se laaste vou." - Anoniem
4. Dit kan nie wees nie!
5. Kunsmatige Intelligensie belemmer kritiese denke.

**Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (6. OF 7. OF 8.) en jou eie titel neer.**

**6.**



7.



8.



LO12 GRAAD 12

**Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.**

1. Die stilte is oorverdowend en ek wens iemand wil iets sê.
2. Verandering is nie altyd goed nie.
3. "Daar was monsters in die donker, toe vind ek jou…" – Francois van Coke
4. Selfoonvrye skole bevorder leerders se akademiese vermoë en verbeter konsentrasie.
5. Hou op kla!

**Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (6. OF 7. OF 8.) en jou eie titel neer.**

6.



7.



8.



# KATEGORIE LK - SELFGESKREWE TRANSAKSIONELE TEKSTE

1. Deelnemers moet ’n oorspronklike Afrikaanse transaksionele teks skryf.
2. Die transaksionele teks moet voldoen aan die vereiste lengte.
3. Alle transaksionele tekste moet 20-24 Julie 2026 elektronies na GHTK23taalenletterkunde@gmail.com gestuur wees. Die dokument moet as volg benoem word: die kategorienommer, deelnemer naam en van, byvoorbeeld: LO1.9 Leoné, Van der Walt.

## LK1 GRAAD 8

**Skryf ’n transaksionele teks van 140 tot 160 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

1. VRIENDSKAPLIKE BRIEF

   Jou ouers het vir jou toestemming gegee om die vakansie vir twee dae by jou beste vriend/vriendin te gaan kuier.

   Skryf ‘n brief aan jou vriend/vriendin om die goeie nuus met hulle te deel.

2. DAGBOEKINSKRYWING

   Jy het die liefde van jou lewe die afgelope week ontmoet.
   Skryf ‘n dagboekinskrywing oor jou gevoelens.
   Dit moet twee inskrywings wees. .

3. DIALOOG

   Jy en jou pa het ‘n hewige argument gehad omdat jy vir hom gejok het.

   Skryf ‘n dialoog waarin jy verduidelik hoekom jy gejok het en waar jy vir jou pa om verskoning vra.

4. KOERANTBERIG

   Skryf ’n koerantberig met die volgende opskrif:

   6 STERF IN GRU-ONGELUK!

# LK2 GRAAD 9

**Skryf ’n transaksionele teks van 160 tot 180 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

1. **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

   Jy het onlangs iets gedoen wat jou ouers nie sou goedkeur nie. Jy voel baie skaam daaroor en wil hulle om verskoning vra.

   Skryf ‘n vriendskaplike brief aan jou ouers en vertel vir hulle wat jy gedoen het. Gee redes waarom jy dit gedoen het en vra om verskoning.

2. **DAGBOEKINSKRYWING**

   ’n Grusame ongeluk het reg voor jou oë gebeur. Dit was vir jou ’n traumatiese gebeurtenis wat jy moeilik verwerk. Skryf jou gevoelens oor hierdie gebeurtenis neer.

3. **DIALOOG**

   Jy het vir die eerste keer in jou skoolloopbaan ’n brief ontvang wat sê dat jy die komende week detensie moet sit. Jou pa moes dit onderteken. Skryf die dialoog tussen jou en jou pa neer toe jy moes bontstaan om te verduidelik wat by die skool verkeerd geloop het.

4. **TOESPRAAK**

   Jy is die kaptein van ‘n sportspan. Jy moet jou span voor ‘n baie belangrike wedstryd motiveer.

   Skryf jou toespraak wat jy aan hulle gaan lewer.

# LK3 GRAAD 10

**Skryf ‘n transaksionele teks van 180-200 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

**2.1 FORMELE BRIEF:**

Jy en jou maats besluit om ‘n kinderhuis in julle omgewing te help. Rig ‘n versoek aan die bestuurder van ‘n bekende supermark in die omgewing, waarin jy vir hom/haar vir ‘n donasie vra om hierdie kinders se lewens te verbeter.

**2.2 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou vriend/vriendin sukkel om aan te pas in 'n nuwe skool. Skryf 'n brief aan hom/haar, waarin jy hom/haar bemoedig.

**2.3 KOERANTBERIG**

Skryf 'n koerantberig met die volgende opskrif:

JONG HELD RED LEWENS!

**2.4 HULDEBLYK**

'n Leerder in jou skool is onlangs in 'n fratsongeluk oorlede. Jou skoolhoof het jou gevra om 'n huldeblyk oor die leerder te skryf.

**2.5 INFORMELE TOESPRAAK**

Jy is gekies vir 'n nasionale sportspan. Jy moet jou geheim vir sukses met die nuwe graad 8-leerders van 2026 deel om hulle te motiveer om aan sport deel te neem.

**2.6 DIALOOG**

Die eksamen toesighouer het jou beste vriend/vriendin betrap toe hy/sy oneerlik in die eksamen was.
Skryf 'n dialoog wat na afloop van die eksamen tussen jou en jou vriend/vriendin plaasgevind het.

# LK4 GRAAD 11

**Skryf 'n transaksionele teks van 180-200 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

**2.1 INFORMELE E-POS**

Jy het 'n groot verleentheid by die skool beleef.

Skryf 'n INFORMELE E-POS aan jou vriend/vriendin om hom/haar van die verleentheid en hoe jy die verleentheid hanteer het, te vertel.

**2.2 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf ‘n vriendskaplike brief aan jou vriend/vriendin waarin hy/sy genooi word om saam met jou en van jou vriende/vriendinne Sun City toe te gaan.

**2.3 HULDEBLYK**

Jou gunsteling onderwyser/onderwyseres verlaat die skool. Jou graadhoof het jou gevra dat jy ‘n huldeblyk in die saal lewer om afskeid van hom/haar te neem.

**2.4 FORMELE BRIEF**

Jou bure hou elke Sondagaand n reuse partytjie en speel oorverdowende musiek. Die musiek is baie steurend.
Skryf n KLAGTEBRIEF aan jou dorp se stadsraad waarin jy oor die situasie kla.

**2.5 ONDERHOUD**

Een van jou skool se leerders het nasionale kleure in ‘n sportsoort verwerf en moes Suid-Afrika oorsee gaan verteenwoordig.
Na sy/haar terugkeer uit die buiteland moet jy, as joernalis van die skool se koerant, met hom/haar n onderhoud voer.

Skryf die ONDERHOUD neer.

**2.6 KOERANTBERIG**

Skryf ‘n koerantberig met die volgende opskrif:

CHAOS HEERS NA ONTPLOFFING OP RUGBYVELD!

# LK5 GRAAD 12

**Skryf ’n transaksionele teks van 180-200 woorde lank oor een van die volgende onderwerpe:**

**2.1** FORMELE E-POS:

Albert, van die bekende televisieprogram Maak my ‘n miljoenêr, het onlangs jou skool besoek om raad te gee aan jong entrepreneurs.

Stuur ‘n epos aan Albert, waarin jy hom bedank vir die wyse waarop hy julle gemotiveer het asook die waardevolle wenke wat julle oor entrepreneurskap ontvang het.

FORMAAT

| |
|---|
| Van: |
| Aan: |
| Onderwerp: |
| Boodskap |

## 2.2 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy is baie bekommerd oor jou beste vriend/vriendin. Sy/haar besige skedule in graad 12 is besig om sy tol te eis en jy is bekommerd dat dit dalk ‘n negatiewe invloed op sy/haar geestesgesondheid gaan hê.

Skryf ‘n informele brief aan jou vriend/vriendin om hom/haar van jou kommer te vertel.

## 2.3 AGENDA EN NOTULE

Jy is ‘n lid van die VRL by jou skool. Lees die agenda hieronder vir julle kwartaalikse vergadering in Januarie en skryf die NOTULE van die vergadering.

**AGENDA VIR DIE VRL-VERGADERING GEHOU OP**
**15 JANUARIE 2026**

1. **Opening en verwelkoming**
2. **Presensie/Teenwoordigheid**
3. **Lief en leed**
4. **Sake in Januarie**
   **4.1 Deelname aan Interhuisatletiek**
   **4.2 Graad 8-konsert**
   **4.3 Fondsinsameling vir liefdadigheid**
   **4.4 Leiersrol van ‘n matriculant**
5. **Datum van die vergadering in Februarie.**
6. **Afsluiting.**

## 2.4 DIALOOG

Jy en jou vriend/vriendin ervaar die druk van graad 12 verskillend. Jy probeer hom/haar oortuig dat ‘n mens berge kan versit met ‘n positiewe ingesteldheid.

Skryf die gesprek in ‘n dialoog tussen jou en jou vriend/vriendin.

## 2.5 VERSLAG

Jy het gesien hoe ‘n leerder in jou klas ‘n ander leerder se rugsak steel.

Skryf ‘n ooggetuie verslag daaroor.

## 2.6 TYDSKRIFARTIKEL

Sosiale media is besig om kinders se lewens oor te neem.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL vir 'n tienertydskrif met die volgende opskrif/titel:

**TIK…TOK? TIKTOK! DIE NUWE MODEWOORD BY SKOLE ?**